

*Sonstraalgemeente*

# FINANSIES *in* FOKUS 2026

## INHOUD:


**Waarom gee ons dankoffers?**

- Tiendes in die Ou Testament
- Tiendes in die Nuwe Testament
- Bybelse beginsels vir die gee van tiendes of dankoffers

**Dankoffers by Sonstraal**

- Finansiële bestuur
- Begroting: 2025-2026
- Ons uitdaging
- Hoe om by te dra
- Baie dankie


SONSTRAAL GEMEENTE

*Leef om te dien*

Ons jaartema vir 2026 is: ***Bewus***. Die uitnodiging aan elkeen van ons is om hierdie jaar genoeg stil te staan om bewus te raak van God se goedheid, dalk minder te jaag en te spartel na al die dinge wat ons wil bereik, en meer in te skakel by dit waarmee God besig is. Dit behels dat ons ook oor ons prioriteite moet herbesin: Wat is vir ons belangrik? Waaraan spandeer ek tyd? Waarvan moet ek afskaal – omdat dit my beroof van tyd om dit wat belangrik is te doen?

Ons jaartema raak ook ons sakke: Waarop spandeer ek geld? Wanneer ek meer bewustelik leef om God se werk raak te sien (en met al my sintuie te beleef), en geroepe voel om daarby aan te sluit, wil ek ook my geld op maniere spandeer wat God se roeping vir ons sigbaar maak.

By Sonstraal het ons jaarliks 'n fokus op offervaardigheid. Ons noem dit ons Dankofferfees. Dis die seisoen vanaf Oktober tot einde Februarie waarin ons nadink oor ons huishoudelike finansies as deel van ons geloofsreis as volgelinge van Jesus. In ons roepingstelling bely ons: "...Hier leer ons saam om soos Jesus te leef." Om as dissipels van Jesus te leef, sluit ons finansies in. Deur ons geld word God se Koninkryk gedien... sonder geld kan daar bitter min gedoen word.

Sonstraalgemeente is deur God begin en in stand gehou. Daarom is die oproep tot offervaardigheid of rentmeesterskap iets wat God direk aan elkeen van ons en ons huishoudings rig – om God se roeping vir sy gemeente uit te leef. Gebruik die inligting hieronder as 'n gespreks-geleentheid in jou huis om jou/julle bewus te maak van die finansiële aspek van julle geloofsreis en lidmaatskap.



# WAAROM GEE ONS DANKOFFERS?

Die Bybel leer ons dat ons dankoffers gawes van dankbaarheid is wat met blymoedigheid gegee moet word vir die liefde, trou, sorg en genade van die Here en om in sy Koninkryk te werk.

Hierdie gedagte van 'n dankoffer kom uit 'n lang Bybelse tradisie wat vroeg in die Ou Testament reeds teenwoordig is en deur Jesus in die Nuwe Testament bevestig word.

## TIENDES IN DIE *Ou Testament*

Verskillende tekste in die Ou Testament verwys na die gee van tiendes. Ons lees onder andere in Deuteronomium 14 dat die volk aan die einde van elke drie jaar hul tiendes na die stadspoort moet neem. Die Here vra die volk om vir die Leviete (wat nie ’n erfdeel van hul eie gehad het nie), die armes, die weduwees en weeskinders te versorg deur die gee van tiendes. Die gee van tiendes is deurgaans in verhouding gebring met die onderhoud van die Leviete en priesters wat in God se diens gestaan het, asook met die onderhouding van die tabernakel (Levitikus 27:30-33; Numeri 18:21-31; Deuteronomium 12:5-18).

Die Israeliete was verder verplig om ’n tiende van hul jaarlikse opbrengs vir die Here te gee (Levitikus 27:30). Indien hulle eerder ’n geldwaarde wou gee deur die opbrengs terug te koop, moes hulle ’n ekstra twintig persent betaal. Hulle moes ook ’n tiende van hul beeste en kleinvee vir die Here gee. Die gee van tiendes was ’n teken van die volk se dankbaarheid teenoor die Here.

In Maleagi 3 kondig die Here sy oordeel oor die volk aan wat ongehoorsaam was en versuim het om tiendes vir Hom te gee. Die Here belowe egter seën indien die volk gehoorsaam en getrou is: “Bring die volle tiende na die voorraadkamer sodat daar voedsel in my huis kan wees. Toets my daarin of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en oorvloed seën oor julle sal uitstort nie” (Maleagi 3:10).

## TIENDES IN DIE *Nuwe Testament*

Jesus sê in Matteus 5:17 “Moenie eers daaraan dink dat Ek gekom het om die Wet en die Profete af te skaf nie. Ek het nie gekom om af te skaf nie, maar om te vervul”. Beteken dit dat tiendes steeds ’n opdrag vir die Nuwe Testamentiese kerk is? Ja, maar die omvang tussen die gee van tiendes en dankoffers verskil tot ’n mate. Die Ou Testamentiese beginsel vereis dat ’n letterlike tiende aan die Here geoffer moet word. Die Nuwe Testamentiese beginsel vereis nie ’n spesifieke hoeveelheid nie, maar vereis die regte gesindheid waarmee ’n dankoffer gebring word. Die Here sien die hart raak waarmee gegee word en verbly Hom in die blymoedige gewer.



# *Bybelse beginsels* VIR DIE GEE VAN TIENDES OF DANKOFFERS

- **Gelowiges kan nie God en Mammon dien nie.**

As gelowiges moet ons besef dat ons net rentmeesters van die Here se geld is. Ons kan nie geld ons afgod maak nie. Ons geld staan ook in diens van God (Matteus 6:24).

- **Gelowiges gee met die regte gesindheid.**

Jesus spreek die skynheilige Fariseërs aan wat hul tiendes gee, maar geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid versuim (Matteus 23:23).

- **Gelowiges gee volgens hul vermoë.**

Paulus stel die beginsel duidelik: "As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie" (2 Korintiërs 8:12).

- **Gelowiges gee vrywillig, blymoedig en sonder dwang.**

"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief" (2 Korintiërs 9:7).

- **Gelowiges gee uit dankbaarheid.**

Ons dankoffers aan die Here is 'n teken van ons dankbaarheid. Ons is dankbaar vir die Here se daaglikse versorging asook ons verlossing deur Jesus Christus.

- **Gelowiges offer nie net hul geld nie, maar hulleself.**

"Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen" (Romeine12:1).

# *Dankoffers* IN SONSTRAAL

**'n Groot dankie!**


Sonstraal se harte en hande is oop! Daarvoor is ons opreg dankbaar! Om al ons gemeente se bedieninge te laat realiseer, die gemeente se infrastruktuur in stand te hou, die ondersteuningsdienste te bied vir die gemeente om haar bediening uit te leef, en ons bydrae tot die sinodale projekte te maak, vra die groot bedrag van R6,8 miljoen vir die huidige begrotingsjaar (Maart 2025 tot Februarie 2026).

'n Gemeente se enigste bron van inkomste is die dankoffers en bydraes wat haar lidmate vrywillig en met dankbaarheid aan die gemeente skenk. Ons is dus afhanklik van elke lidmaat se bydraes om ons begroting te laat klop. Die verskillende maniere waarop bydraes gemaak word, sluit in: weeklikse bankkollektes, maandelikse dankoffers, Tiende Dankofferfees, skenkings, erflatings/bemakings en donasies by fondsinsamelingsprojekte soos die basaar. Daar bestaan ook 'n ooreenkoms met Songlen Trust (Pikkie Paradys) waarvolgens Sonstraal jaarliks 'n bedrag van hulle ontvang. Minder as 25% van huishoudings in Sonstraal dra tans gereeld by. Hoe wonderlik sal dit nie wees nie as alle huishoudings op gereelde basis 'n finansiële bydrae kan maak! Nie net sal dit die finansiële las verlig nie, maar soveel meer sal vir die Koninkryk gedoen kan word. Baie dankie aan elkeen wat gee soos die Here julle oortuig! Indien jy nog nie gee nie, mag jy die begeerte ontvang om, as deel van jou verhouding met die Here, ook jou bydrae te maak. Elke bydrae, ongeag die randwaarde daarvan, word met groot dankbaarheid ontvang en opreg waardeer. Weet dat jou bydrae werklik 'n verskil maak in God se Koninkryk!

# *Finansiële* BESTUUR

'n Begroting word jaarliks, in lyn met die gemeente se roeping, opgestel en deur die kerkraad goedgekeur. Die kerkraad se finansiële kommissie hou, ooreenkomstig die gemeente se roeping, toesig oor die bestuur van alle fondse. Vaste uitgawes en bedieningsuitgawes word hiervolgens deursigtig en oordeelkundig bepaal en bestuur.

Jaarlikse geouditeerde state is ter insae by die kerkkantoor beskikbaar. Elke jaar word begin met R0 en die kerkraad vertrou die Here vir elke rand wat benodig word vir Sonstraal se bediening. Anders as in die korporatiewe wêreld, is 'n gemeente se finansies primêr 'n geestelike saak waarvoor ons die Here vertrou.




## HOE VERSTAAN EK HIERDIE GRAFIEK?

Die grafiek lyk soos 'n koek wat in skywe gesny is. Dis duidelik dat sekere skywe van die koek groter is as ander. Dis die grootte of persentasie wat aan elke aspek van die gemeente bestee word. Al die uitgawes, behalwe die bedieninge, is vaste uitgawes wat jaar op jaar met inflasie aangepas word. Tans beslaan salarisse die grootste deel van ons uitgawes (68%). Dit sluit salarisse vir kantoorpersoneel, skoonmaker, tuinwerker, kosters, klank- en data-operateurs en musiekleiers, sowel as leraars in. Die bedieninge bestaan uit eredienste, toerusting, jeug en familie, seniors, samesyn (koinonia), barmhartigheid en getuienis.

Die kerkraad se doelwit is om ten minste 10% van ons uitgawes aan bedieninge te spandeer. Dit is die plekke waar ons as gemeente die Here se roeping uitleef. Om dit te bereik moet die inkomste vergroot. Dit sal wonderlik wees as ons inflasie elke jaar kan klop en 1% jaar op jaar kan groei om so die 9% na 10% en meer kan verhoog om nie net die gemeente in stand te hou nie, maar ons werk in die Koninkryk uit te brei. Die persentasie vir bedieninge sal dan verhoog terwyl dié van salarisse sal verlaag. Hiervoor vra ons jou biddende oorweging om jou bydrae te maak of te verhoog.

## ONS UITDAGING

Om ons begroting te laat klop – of, anders gestel – om die werk te doen waarvoor die Here ons roep, moet ons R1miljoen met hierdie jaar se Dankofferfees insamel. Eerder as om uitgawes te besnoei en noodsaaklike werk in te kort, wil ons die inkomste vergroot. Hiervoor vra ons elke lidmaat se geloofsvolwassenheid, goeie gesindheid, deelname en betrokkenheid om die gemeente waarvan ons deel is se roeping na waarde uit te leef.





## UITNODIGING

Die uitnodiging aan elkeen van ons is om opnuut, biddend, ons bydrae vir hierdie veldtog, maar ook vir my gewone dankoffers, te oorweeg.

- Dink na oor die Bybelse boodskap oor finansies en die rol wat geld in die uitvoering van die gemeente se bediening speel.
- Dink na oor dankbaarheid en gehoorsaamheid as twee hoofmotiewe vir die gee van dankoffers
- Dink na oor die afhanklikheid van elke lidmaat se bydrae sodat die gemeente haar roeping kan uitleef.
- Dink na oor die dissipline van gee as ’n geloofshandeling en wat dit ons leer van ’n lewe in afhanklikheid en voor die aangesig van God.
- Gesels in jou huishouding oor hierdie uitnodiging en besluit wat julle graag wil bydra. Dalk kan kinders besluit om ook ’n deel van hulle sakgeld tot die huishouding se bydrae te voeg. So leer hulle van kleins af die betekenis van dankoffers en offervaardigheid.



## HOE OM BY TE DRA

Ons Tiende Dankofferfees duur vanaf Oktober 2025 tot Februarie 2026.

1. Bydraes kan in kontant (koeverte), per EFT of met SnapScan gedoen word.
2. Nuwe debietorders of aanpassings van bestaande debietorders vir maandelikse dankoffers kan met die kerkkantoor gereël word of die volgende QR-kode kan gevolg word.
3. Bankkollektes tydens eredienste kan in kontant of met SnapScan gedoen word.
4. Erflatings/bemakings kan in jou testament/boedel omskryf word.

**BANKBESONDERHEDE:**
NG Kerk Sonstraal
ABSA Durbanville
Rek. Nr.: 1410580329
Takkode 334 810

Snap here to pay

SnapScan

DEBIETORDER

**Debietordervorm**
**klik hier**
**of scan die QR kode**



“Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee”
(Numeri 6:24-26).

## TEN SLOTTE

Baie dankie dat jy tyd geneem het om hierdie pamflet te lees en saam met ander in jou huis te bestudeer. Ons vertrou dat die Here jou van die erns van hierdie geloofsdissipline sal oortuig en dat jy waarlik met ’n blymoedige en dankbare hart sal bydra soos wat die Here jou lei. Kontak gerus die kerkkantoor indien jy met ’n leraar wil gesels of om enige verdere duidelikheid te kry.